


## LoTYDE FEVER IN BERGRIVIER

"**EDUCATION** lays the foundation for a successful career".

These were the words of the Executive Mayor of Bergrivier Municipality, Alderman (Ald.) Ray van Rooy, who explained to the learners that education lays the foundation for not only creating a successful career but a better life too.



"By securing a good education for yourself, you are essentially planning for your future. This is one of the best ways to rise above your circumstances, contribute meaningfully in your community, and in some instances, liberate yourself from the shackles of poverty," explained Van Rooy.

Approximately 500 learners from various towns within the Bergrivier Municipal Area attended the annual open day, LoTYDE, in Piketberg on 26 July 2019, to find out more about their desired career path and bursary opportunities.



LoTYDE is an acronym for 'Leaders of Tomorrow Youth Development Expo'. It refers to the low tide of the ocean (quiet time) which is present before the high tide sets in. It's symbolic to the fact that school is a training ground which prepares learners to make a success of their lives when they enter the "real world".



This event, which caters for Grade 11 and 12 high school learners from Bergrivier, was hosted at the Steynville Primary School Hall in Piketberg.

This year, local music sensation, Youngsta CPT, entertained the learners with good music and words of inspiration. He told the learners that they should create their own opportunities in their lives. Ashley Pienaar, master of ceremonies, entertained the learners with some comedy and incredible dance moves. The school hall was packed.

This year, the lucky draw prizes included (2) 15.6 inch notebooks, (2) 7 inch tablets plus smart watches, (5) dual sim cellphones, (3) Polaroid watches, (7) scientific calculators and (5) branded Bluetooth headphones.

Each learner received a branded LoTYDE drawstring goodie bag.

Bergrivier Municipality hosted 23 stalls which comprised of various higher institutions of learning.

Bergrivier Municipality conveys its gratitude and appreciation to all the stakeholders who contributed to the success of LoTYDE 2019.

## *AANSOEK VIR INFORMELE WOONSTRUKTURE*

**BERGRIVIER** Munisipaliteit het weereens sy deure oop gemaak vir diegene wat graag aansoek wil doen vir 'n wendy of 'n informele woonstruktuur op 'n bestaande residensiële erf.

Ingevolge Artikel 4 van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Standaarde, 1977 (Wet 103 van 1977), soos gewysig, mag niemand sonder die vooraf skriftelike goedkeuring van die betrokke plaaslike owerheid 'n gebou oprig waarvoor planne en spesifikasies opgestel en voorgelê moet word ingevolge hierdie Wet nie.

⇒ **Aansoek vir bogenoemde strukture moet ingedien word met 'n verklaring wat die volgende inhoud bevat:**

- Grootte van struktuur en dat dit netjies opgerig sal word;
- Dat geensins afgewyk sal word vanaf goedkeurings-voorwaardes nie;
- Dat geen ander onwettige strukture op die terrein opgerig is nie;
- Dat 'n afsonderlike elektrisiteitsmeter asook ablusie geriewe beskikbaar sal wees vir die okkupeerders;
- Dat die struktuur opgerig sal word volgens die vereistes van alle relevante wetgewing;

- Bergrivier Munisipaliteit se formele aansoekvorm; en
- Bewys van betaling van fooie volgens die Raad se goedgekeurde tarieflys vir die 2019/2020 finansiële jaar.

Vir meer inligting maak kontak met u naaste munisipale kantoor.

## JEUG-UITREIK IN BERGRIVIER

**OP** 17 Junie 2019 het Bergrivier Munisipaliteit 'n jeug-uitreik in Piketberg gehou om moeilike kwessies in die gemeenskap, wat jongmense in die gesig staar, aan te spreek.

Meer as 50 jeugdiges het bymekaar gekom en 'n dinkskrumsessie begin waartydens die volgende belangrike punte na vore gekom het:

- Om jongmense 'n geleentheid te gee om hul kwessies en bekommernisse direk met die munisipaliteit te deel;
- Meganismes te identifiseer waardeur die geïdentifiseerde probleme aangespreek kan word; en
- Om die pogings van jong leiers in die munisipale gebied te organiseer en te formaliseer deur reeds gevestigde jeugstrukture en forums in een struktuur te kombineer.

Raadslid Mario Wessels, Uitvoerende Burgemeesterskomiteelid van Bergrivier Munisipaliteit, het die jong mense aangemoedig om betrokke te raak in openbare deelname wat deur toepaslike wetgewing beskikbaar gestel word.

Sekere jeugdiges is uit hierdie uitreik genomineer om te dien op die Jeug Ontwikkelingsforum. Geluk, jong leiers van Bergrivier!




# BERGRIVIER BULLETIN

**Official newsletter of Bergrivier Municipality**



**WE SERVE WITH PRIDE** **SEPTEMBER 2019**

## SLEUTELS TOT 'N NUWE HUIS IN VELDDRIF

**BERGRIVIER** Munisipaliteit het in Julie 2019 die sleutels van splinternuwe huise aan 30 begunstigdes van die 107-behuisingsprojek in Velddrif oorhandig.

Bouwerk is nog aan die gang in Albatrosstraat om nog 59 huise te finaliseer. Na verwagting sal hierdie huise teen die einde van 2019 aan die toegekende begunstigdes oorhandig word. Die oorhandiging van die eerste 18 huise het deel gevorm van 'n vorige behuisingsprojek.



Die begunstigdes kom almal van die Velddrif gemeenskap wat Laaiplek, Noordhoek en verskeie plase insluit.

Raadslid Adam du Plooy, Uitvoerende Burgemeesterskomiteelid van Bergrivier Munisipaliteit, sê baie geluk aan al die begunstigdes wat sleutels ontvang het. "Kyk asseblief mooi na u huis. Onthou dat 'n huis 'n waardevolle bate is, nie net vir u nie maar ook vir u nageslag. Maak seker dat ander mense jou plek respekteer en hou te alle tye u titelakte veilig," het Du Plooy gesê.

Du Plooy sluit af deur te sê dat hierdie huise nie verkoop kan word gedurende die eerste agt jaar na ontvangs nie. Weereens baie geluk aan elke begunstigde wat sleutels tot 'n huis ontvang het!





## *GOLDEN GAMES* BRING OUER PERSONE BYMEKAAR IN BERGRIVIER

"Dit is 'n geleentheid om nuwe vriende te maak en om 'n gesonde leefstyl te handhaaf deur aktief te wees en aan sport deel te neem".



Só het Raadsheer (Rdh.) Ray van Rooy, Uitvoerende Burgemeester van Bergrivier Munisipaliteit, aan die honderde ouer persone en spesiale gaste gesê tydens die jaarlikse *Golden Games* wat by die Voorberg Korrektiewe Sentrum op 25 Julie 2019 aangebied is.



Die doel van die *Golden Games* is om die lewenskwaliteit van die ouer persone te verbeter. Volgens die Wes-Kaapse Regering, dien die speletjies 'n belangrike doel, aangesien dit ruimte bied vir senior burgers om sosiaal met mekaar te kommunikeer en aan lewendige ontspanningsaktiwiteite deel te neem, wat alles daartoe bydra om 'n aktiewe leefstyl te beoefen.

Die Weskus Distriksmunisipaliteit het in samewerking met Bergrivier Munisipaliteit, Matzikama Munisipaliteit, Swartland Munisipaliteit, Cederberg Munisipaliteit, Saldanhabaai Munisipaliteit, die Wes-Kaapse Regering en die Departement van Korrektiewe Dienste, die *Golden Games* aangebied.



Nadat Van Rooy en die Uitvoerende Burgemeester van die Weskus Distriksmunisipaliteit, Raadsheer Harold Cleophas die fakkel aangesteek het, is *die Golden Games* amptelik geopen.



### KENNISGEWING: GEKLEURDE VULLISDROMME IN BERGRIVIER



Die kleure wat op Bergrivier Munisipaliteit se vullisdromme geverf word, is die hoof kleure wat in ons embleem voorkom, naamlik blou, rooi en geel.

## BERGRIVIER KANOMARATHON EN WINTER KARNAVAL 'N GROOT SUKSES

**DIE** 58ste Bergrivier Kanomarathon is deur Hamish Lovemore en Tyron Maher gewen, nadat hulle eerste die wenstreep oorgesteek het.

Bergrivier Munisipaliteit is een van die vennote van hierdie fantastiese gebeurtenis. Die Uitvoerende Onderburgemeester van Bergrivier Munisipaliteit, Raadsdame Sandra Crafford, het die beker in ontvangs geneem vanaf die Uitvoerende Onderburgemeester van Drakenstein Munisipaliteit, Rdl. Gert Combrink, tydens die afskop van die kanomarathon. Dit is simbolies omdat die beginpunt in Paarl is en die einde in Velddrif.

Die vier-dae marathon het in Paarl begin en die kanovaarders moes daagliks teen tyd jaag terwyl hulle ook die uiterste klimaat en terrein moes verduur. Hierdie gebeurtenis is een van die moeilikste kanomarathons in die wêreld.



Die jaarlikse Bergrivier Winterkarnaval wat deur Bergrivier Toerisme in vennootskap met die Velddrif gemeenskap gereël is, is geskep om die roeiers by die einde te verwelkom na hul beproewing van 240km.

Die gebeurtenis was 'n reuse sukses. Baie geluk aan alle rolspelers!







## ANTI-FRAUD & CORRUPTION

Members of the public are encouraged to report any fraud and/or corruption allegations to either the Executive Mayor, Alderman Ray van Rooy, on 083 657 9615, the Municipal Manager, Adv. Hanlie Linde on 022 913 6011 or the Internal Auditor, Jurene Erasmus at 022 913 6002 or via e-mail: frankj@bergmun.org.za




**ROAD SAFETY:** Bergrivier Municipality partnered with Provincial Traffic, SAPS, Local Traffic Department, Piketberg Tourism and Petroport (Piketberg) by conducting regular road safety initiatives such as vehicle inspections and random breath tests to encourage safe and responsible driving habits. On the photo (from left) is: Chris Hunsinger (Member of Parliament), Riaan de Vries (Speaker), Alderman Ray van Rooy (Executive Mayor), Cllrs. Adam du Plooy and Mario Wessels (Executive Mayoral Committee Members) and Cllr. Jakobus Daniels (Chairperson: Corporate Services). The road safety initiatives have been successful thus far. We serve with pride in Bergrivier!

## INTERNASIONALE DAG TEEN DWELMS EN MENSEHANDEL

### "Sê **Nee** vir dwelms"

**BERGRIVIER** Munisipaliteit het op 26 Junie 2019 die Internasionale Dag Teen Dwelms en Mensehandel saam met die ACVV gevier.

Meer as 500 leerders het die geleentheid bygewoon wat by Steynville Primêre Skool in Piketberg plaasgevind het.



Twee voormalige dwelmverslaafdes, Mario Rossouw en Jason de Kock, het 'n aangrypende vertelling gelewer van hulle lewens as dwelmverslaafdes en hoe dit hulle lewens verwoes het. Nogtans, het hulle uitgestyg bo hulle omstandighede en lewer nou 'n positiewe bydrae aan die gemeenskap.

"Die doel van hierdie dag is om jong kinders bewus te maak van die euwels in ons gemeenskappe en om die regte besluite in die lewe te neem," het Raadsheer Ray van Rooy, Uitvoerende Burgemeester van Bergrivier Munisipaliteit gesê.

*Rapper* Early B het gesorg vir vermaak van 'n hoë gehalte deur sy populêre liedjies "Ben Ten" en "Leka Djy" te sing. Kom ons staan saam in Bergrivier om dwelms in ons gemeenskappe te bekamp!

